

Dankie vir ...

Hemelse troos en  
sagte salf

## Troos wat troos ...

Ek onthou vaagweg die woorde van 'n liedjie waarin 'n Mamma vir haar grootmens-kind wie se hart gebreek is, sing ... *toe jy klein was, was dit maklik om jou seerkry weg te soen, maar hoe troos ek nou ...*

Toe klein Ponelopele 'n paar maande gelede verdrink en in my hande gesterf het, het ek besef hoe magteloos en woordeloos mens is wanneer dit kom by troos. Hoe troos ek iemand tydens so 'n tragedie? Kan ek iemand hoegenaamd troos? Sal troos help? Ons wil iets sê, want ons voel ons moet iets sê ... Dis dan wanneer ons gryp na sinnelose verklarings, verduidelikings, en leë trooswoorde soos: *Dit was die Here se wil; die Here het besluit om hom te kom haal; dit was sy tyd; die Here het die mooiste blommetjie kom pluk vir die hemel; hy was te goed om op aarde te wees; daar is 'n doel mee; die Here weet wat Hy doen;* en vele ander.

Dit troos my nie, want dit maak nie sin nie. God is dan 'n God van LEWE. Hy het LEWE geskep, hoe kan Hy dit dan sommer net op 'n dag wegneem? Maak Hy onskuldige kindertjies dood? Dalk is dit beter om net stil te bly, naby te wees, vas te hou en saam te huil soos Jesus gehuil het toe sy beste vriend Lasarus dood is.

Ek het weereens besef daar is nie antwoorde nie, want die hoekom en waarom vrae wat ons vra, het nie antwoorde nie. Ons verstaan nie, want ons hoef nie te verstaan nie. Sal verstaan hoegenaamd die pyn en hartseer wegneem? Dit laat my aan die Job-storie dink. Sy vriende het amper 37 hoofstukke vol verklarings gegee vir die tragedie wat met hom gebeur het. Hulle het probeer. Ons het nie Jobs-troosters nodig nie. Ons het goddelike troos nodig.

Ons mag vrae vra, glo ek. Ons mag selfs met God worstel en vir Hom sê wat ons dink en voel. Dis beter om vir God self te vra as om vir mense te vra. Ons lewe in 'n gebroke wêreld met beperkte insig. Troos lê in elkgeval nie in goeie verklarings nie. Al wat ons moet onthou is dat God God is. Dan kan ek saam met Job sê: *"Ek het oor dinge gepraat waarvan ek niks weet nie. Hierdie dinge was net te groot vir my klein verstandjie om te verstaan."* (Job 42:3).

Wanneer ek terugkyk na daardie oomblikke weet ek dat God daar was. In die krisis, was Hy daar, na die krisis was Hy daar en Hy is nogsteeds daar, baie, baie naby, in ons, by ons, om ons. Hy vou ons toe in sy goddelike trooskombers, want net Hy kan regtig troos. Wanneer ons God se teenwoordigheid so tasbaar ervaar, vervaag al die antwoordlose vrae. *"Ek het vroeër net gehoor wat ander mense van U sê, maar nou het ek U met my eie oë gesien. Ek trek alles terug wat ek gesê het. Om te wys dat ek baie spyt is oor wat ek gesê het, gooi ek grond en as op my kop."* Aldus Job (Job 42:5-6).

Dit was onlangs Paasfees, dood en opstanding. God huil oor sy skepping wat daaglik sterf, maar Hy skep ook elke dag nuwe lewe. Ons leef elke dag in die spanning tussen dood en lewe, maar ons hoop is in die opstanding nie in leë verklarings wat op die ou end op niks uitloop nie. Ons moet versigtig wees met trooswoorde. Dit is God se werk en Hy weet hoe! Al wat ek opnuut weet is dat ons enigste troos in lewe en in dood is dat ons aan Jesus Christus behoort. Dis al en dit is genoeg.

*Jesus, dankie dat U lewe, vir altyd en altyd en dat U self sagte self op ons seerkry kom sit met U deurboorde hande.*

(Uit: Flenters. ©Lina du Plessis. Lux Verbi. 2014)